higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 D
1.2 A
1.3 C
1.4 C
1.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 E
2.2 F
2.3 J
2.4 D
2.5 I
2.6 A
2.7 H
2.8 G
2.9 C
2.10 B

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Waar
3.2 Onwaar
3.3 Onwaar
3.4 Waar
3.5 Onwaar
3.6 Waar
3.7 Onwaar
3.8 Waar
3.9 Waar
3.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Viktimisasie
4.2 Beslaglegging
4.3 DBV
4.4 Jurisdiksie
4.5 Herwinning

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Artikel 17C✓ van die Wet op Die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No 68 van 1995), soos gewysig deur die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens (Wet No 57 van 2008). ✓ (2)

5.2 'n Slagoffer is 'n persoon wat regstreeks✓ by 'n misdaad betrokke is of daardeur geraak word.✓ (2)

5.3
- Die Eenheid vir Seksuele Misdrywe en Gemeenskapsake (SOCA) tree op teen die viktimisering van weerlose groepe.✓
- Die hoofoogmerk is om alle vorms van geweld teen vroue en kinders uit te roei.✓

Die eenheid streef daarna om die viktimisering van vroue en kinders te verminder deur:
- die vermoë te verbeter om sake van seksuele oortreding en huishoudelike geweld te vervolg;✓
- sekondêre viktimisering te verminder✓ en bewustheid te verhoog rakende die plaag van seksuele oortredings en huishoudelike geweld;✓ en
- die behoorlike bestuur van jong oortreders te verseker. ✓ (Enige 5 × 1) (5)

5.4 Die Valke is verantwoordelik vir die bestryding van, ondersoek na✓ en voorkoming van prioriteitsmisdade op nasionale vlak.✓

Misdade soos ernstige:
- georganiseerde misdaad;✓
- kommersiële misdade;✓
- misdade van korrupsie kragtens die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens van 1995.✓ (5)

5.5
- Dat die beskuldigde aan die misdryf skuldig is
- Dat die beskuldigde nie aan die misdryf skuldig is nie
- Dat die beskuldigde reeds skuldig bevind is aan die misdryf waarvan hy/sy aangekla word
- Dat die beskuldigde reeds vrygespreek is van die misdryf waarvan hy/sy aangekla word
- Dat die beskuldigde deur die Staatspresident begenadig is met betrekking tot die aanklag
- Dat die hof nie die regsbevoegdheid het om hom/haar met betrekking tot die misdryf te verhoor nie
- Dat die beskuldigde immuun teen vervolging is kragtens artikel 204 nadat hy/sy bevredigend as 'n staatsgetuie getuig het
- Dat die aanklaer nie daarop geregtig is om vervolging in te stel nie

(Enige 4 × 1) (4)

5.6 *In camera* beteken dat die algemene publiek uitgesluit word van die verhoor of sekere dele van die verhoor✓ en dat slegs hofbeamptes die verhoor mag bywoon.✓ (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1
- Oortreding waarvan die beskuldigde aangekla word
- Besonderhede van die tyd en plek van die oortreding
- Persoon/persone teen wie die misdryf gepleeg is
- Metode wat gebruik is om die oortreding te begaan
- Gevolge van die misdryf (5)

6.2
- NIMRO
- Phoenix Zululand
- Young in Prison SA
- Kairos Gevangenisbediening (Enige 2 × 1) (2)

6.3
- Gemenereg
- Hofuitsprake
- Gebruike
- Internasionale reg
- Geskrifte van regskenners
- Siviele reg
- Wetgewing
- Inheemse reg
- Buitelandse reg (Enige 6 × 1) (6)

6.4
- Dit ontwikkel nuwe vaardighede
- Dit help jou om aktief te bly
- Dit voorsien inhoud vir jou CV
- Dit kan lei tot indiensneming
- Terapeuties
- Help om sosiale vaardighede te verbeter
- Leer jou wat werklik saakmaak
- Help jou om jou netwerk uit te brei
- Help jou om te ontwikkel (Enige 6 × 1) (6)

6.5
- Die oppergesag van die reg is die beginsel dat niemand bo die reg verhewe is nie.
- Dit is nie 'n regsreël nie, maar dit is 'n belangrike beginsel in ons regstelsel.
- Die staat mag nie sy bevoegdhede arbitrêr uitvoer nie.
- Individuele vryheid moet gehandhaaf word.
- Almal in die staat is gelyk voor die reg.
- Niemand mag gestraf word as hy/sy nie 'n wet van 'n staat oortree het nie.

(Enige 3 × 1) (3)

6.6
- Inheems
- Westers
- Universeel (3)

6.7
- Kinders wat vrywilligerdiens verrig se uitkyk op die lewe word verbreed.
- Hulle sal verantwoordelike burgers word wat weet dat vrywilligerdiens van 'n mens 'n beter, minder selfsugtige persoon maak.
- Samewerking tussen mense verwyder versperrings wat deur ras en geslag veroorsaak word.
- Samewerking bou verhoudings in die gemeenskap.
- Die omgewing word bevoordeel indien alle afval versamel en op die korrekte plek gestort word of in die samelewing herwin word.
- Die omgewing word sodoende bewaar.
- Die bome sal suurstof verskaf en koolstofdioksied uit die lug verwyder.
- Skoon riviere sal die risiko van cholera en ander siektes minimaliseer.
- Nieregeringsorganisasies wat waardevolle dienste lewer, sal in staat wees om voort te gaan met hul goeie werk om Suid-Afrikaners by te staan.

(Enige 5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Onpartydig beteken om alle opponente gelyk te behandel✓ en om menings op feite eerder as persoonlike gevoelens te baseer.✓ (2)

7.1.2 Voorbrenging verwys na die proses waarvolgens 'n beskuldigde✓ voor die hof gebring word om op aanklagte teen hom/haar te antwoord.✓ (3)

7.2 Die kernbevoegdhede van die regsprekende komponent sluit in:

- Voorsittende beamptes (regters en landdroste) oorweeg getuienis wat deur partye (vervolging en verdediging) verskaf word, beslis oor mosies en lewer uitspraak oor sake✓
- Inligting wat gebruik word om 'n geregtelike besluit te neem (om 'n beskuldigde skuldig te bevind of vry te spreek), word toenemend aan die hof voorsien deur programme en dienste tot die hof en die saak se beskikking, eerder as deur partye wat by die saak betrokke is.✓
- Effektiewe howe moet in staat wees om hierdie inligting te aanvaar en te gebruik en om ander programme en dienste te bestuur wat van die basiese tot die meer gespesialiseerde strek.✓

Die meer basiese dienste sluit in:

- Hoffasiliteite, klerke, verslaggewers en hofsekuriteit✓

Die meer gespesialiseerde dienste sluit in:

- Personeel gemoeid met huishoudelike geweld, kindertoesig-evaluerings en regsnavorsing✓
- Ondersteuning van jong, onervare regspraktisyns wat vir die verdediging optree om te verseker dat die beskuldigde voldoende en professionele regshulp ontvang
- Hierdie dienste, programme en infrastruktuur maak die noodsaaklike komponente van die hof uit. ✓
- Voordat ’n beskuldigde gevonnis word, moet die voorsittende beampte die getuienis aanhoor om te verseker dat die beskuldigde ’n gepaste vonnis ontvang.✓
- Die aanklaer kan die diens van ’n kundige bekom om voor die hof te getuig oor die uitwerking van die misdryf op die gemeenskap of klaer.✓
- Die verdediging kan ’n maatskaplike werker gebruik om ’n voorvonnisverslag oor die agtergrond en opvoeding van die beskuldigde saam te stel.✓ (10 × 1) (10)

7.3 Die beginsel van *trias politica* verwys na die skeiding van magte,✓ met die mag wat verdeel word✓ tussen die wetgewende gesag,✓ uitvoerende gesag✓ en regsprekende gesag✓. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou